DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDERT 1963

# menlo-insig

15/2024

23 Mei 2024



LIEWE MENLO

Die Insig is 'n vertoonvenster van dit wat die Parkies gedurende die kwartaal vermag. Ons nooi u graag vandeesweek na Menlo se virtuele kunsgalery.

Geniet die kunswerke van ons senior kunsleerders.

# DAGBOEK

**24/5**
Hokkie: Garsfontein (weg)
Redenaars: ATKV (Semifinaal)

**25/5**
Perdesport: Liga 4 – 26/5
Hokkie, Netbal & Rugby: Garsfontein (weg)

**29/5**
Netbal: AHMP (weg)




# MENLO MA'S WAT OMGEE

Ouers word aan die gebedsbyeenkoms wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner. Stuur navrae en gebedsversoeke gerus aan 082 579 4968.

**Teks: Psalm 18:33 NLV**

God rus my toe met krag; Hy maak my pad veilig.

# KOOR

## Menlo-koor is weer goud!

Dit het by 'n gemoedelike soiree begin. Daarna het 'n paar naweekoptredes gevolg. Met die aanbreek van die eisteddfod was die koor reeds opgewarm en verlede Saterdagaand is die jaar se voorbereiding in 'n enkele optrede saamgevat. Die ATKV-streeksuitdunne is verlede naweek afgehandel en die Menlo-koor het ouder-gewoonte uitstekend gevaar deur 'n goue toekenning te verower; nou wag 'n naelbytstryd om te hoor of ons tot die landsfinaal van die ATKV-Applouskompetisie deurgedring het. Kyk 'n mens na die koor se prestasie in die verlede, raai die Insig die koorlede aan om die reistasse solank uit te haal.

Hartlik geluk aan die koor, me. Jeanmari van Papendorp (dirigent) en me. Betsie Schaap (begeleier) met 'n goue vertoning.



# DEBAT

## Menlo-debat debatteer opponente in skaakmat



Erik Senekal en Le Roux van Wyk was verlede week in die semifinale ronde van die ATKV-debatkompetisie by Helpmekaar Kollege in aksie. Ten spyte van strawwe mededinging kon die twee Parkies daarin slaag om die opponente in skaakmat te debatteer om tot die landsfinaal deur te dring.

Erik en Le Roux asook hulle afrigter, mnr. Corné van Wyk, verdien 'n veer in die hoed vir hierdie prestasie. Hartlik geluk aan me. Tanya Matthysen (organiseerder) vir haar bekwame leiding. Ons sien daarna uit om hierdie twee manne in die landsfinaal in aksie te sien.

# KULTUUR

## Menlo-musici ontvang 'n handvol A's by eisteddfod

Tot dusver het Menlo se sangers nie 'n enkele vals noot by die eisteddfod getref nie! Trouens, die Menlo-musici behaal week na week uitstekende uitslae. Amelia Smit, Michelle van Zyl en Rea Gololo was vandeesweek aan die beurt waar hulle die beoordelaars met hulle talent uitgeboul het. Hartlik geluk aan die sangers en hulle afrigters.

Hier volg die uitslae:

| | |
|---|---|
| Amelia Smit | A en B+ |
| Michelle van Zyl | A+ en A |
| Rea Gololo | 2 x A+ |







# WINTERSPORT

## Blou vs. Blou: Viering van sportmanskap, durf en talent

Dit is die blou tornado teen die Menlo-masjien. Die speelveld is gelyk; die pawiljoen is stampvol. Wedstrydplanne word hersien, sokkies word opgetrek en bene word vir oulaas gestrek.

Die fluitjie blaas binnekort om te bepaal watter spanne vanjaar die paal in die Menlo-Waterkloof-derby sal haal.

Die uitslae getuig van 'n taai stryd tussen trotse opponente. Baie dankie aan elke speler, afrigter en ouer wat die hoogste nagestreef het en die skool se eer op die sportveld verdedig het.

Hier volg die uitslae:

### Netbal

| | | |
|---|---|---|
| O. 14 | A: 23-17 | B: 30-10 |
| | C: 15-22 | D: 18-17 |
| O. 15 | A: 22-21 | B: 22-23 |
| | C: 9-28 | D: 10-32 |
| O. 16 | A: 30-18 | B: 31-25 |
| | C: 15-8 | |
| O. 17 | A: 34-17 | B: 24-21 |
| O. 19 | A: 41-26 | B: 14-18 |
| | C: 18-13 | |

### Hokkie: Dogters


| | | |
|---|---|---|
| O. 14A: 2-1 | O. 14B: 0-1 | O. 15A: 1-1 |
| O. 15B: 0-1 | O. 15C: 1-0 | O. 16A: 0-0 |
| O. 16B: 2-3 | O. 16C: 1-0 | O.18B: 0-0 |
| O. 18C: 0-0 | | |

### Hokkie: Seuns

| | | |
|---|---|---|
| O. 14A: 1-2 | O. 14B: 1-2 | O. 16A: 0-0 |
| O. 16B: 0-1 | O. 16C: 0-1 | O. 18A: 2-0 |
| O. 18B: 3-0 | O. 18C: 3-0 | |

### Rugby

| | | |
|---|---|---|
| O. 14A: 12-10 | O. 14B: 7-43 | O. 14C: 5-35 |
| O. 15A: 49-10 | O. 15B: 7-43 | O. 15C: 7-52 |
| O. 16A: 13-15 | O. 16B: 8-7 | O. 16C: 36-0 |
| O. 19A: 33-51 | O. 19B: 25-25 | O. 19C: 14-29 |
| O. 19D: 13-19 | | |









# HOKKIE

## Menlo presteer in die Middellande

Die St Anne's Cup is verlede week teen die agtergrond van die skilderagtige Natalse Middellande beslis. Die puik spel wat deur verskeie skole se eerstespanne opgedis is, is deur die pragtige milieu gekomplementeer om 'n fees van hokkie op te lewer. Hartlik geluk aan Menlo se o. 18A-span, mnr. Brad Brook en me. Marcel Nell wat hulle uitstekend van hulle taak gekwyt het.

Die uitslae is soos volg: vs. Kloof: 0-2, vs. St Johns: 3-0, vs. Eunice: 0-4, vs. Beaulieu: 2-0 en vs. Waterkloof: 1-0.






# GHOLF

## Dit was so hittete...

... of Menlo het die Voorsitterstrofee vanjaar ingepalm. Na 'n titaniese stryd teen Hoërskool Waterkloof het die Parkies die onderspit gedelf om die tweede posisie in te palm. Met hierdie puik prestasie bevestig Menlo se gholfspan weereens dat hierdie manne in die toekoms dopgehou moet word, want aan talent en temperament is daar geen tekort nie. Baie geluk aan die manne met 'n uitsonderlike prestasie asook aan die afrigter, mnr. Nico van Eeden.



# SKAAK

## Parkies kan selfs in Engels skaak speel

Verlede week sal onthou word as die week waarin die skaakreuse van Menlo en PBHS slaags was.

Die manne in groen het die tuisvoordeel geniet, maar ware Menlo-talent laat hom nie deur datum, tyd of plek voorsê nie.

Na 'n naelbytstryd het PBHS tot die besef gekom dat die tuisvoordeel nie genoeg is om die Parkies te troef nie...

Baie geluk aan die Parkies wat die manne van Boys High vir 'n welverdiende oorwinning onder die mat ingevee het.

Die skaakseisoen staan einde se kant toe en die voorste skaakspanne in die streek tree op 3 Augustus vir die uitspele aan.

Al Menlo se spanne (o. 15, o. 17 en o. 19) sal daar in aksie wees.

Hartlik geluk aan die spelers, mnr. Anton Goosen (afrigter) en me. Anouk de Klerk (organiseerder).




# LANDLOOP


## Menlo-langasems gee die pas aan

Die Menlo-bodem is verlede Vrydag behoorlik deurgetrap toe honderde landloopatlete tussen die ouderdomme van ses en agtien jaar van heinde en verre vir ons eie prestige aflosbyeenkoms aangetree het. So feestelik was die atmosfeer by die Asics Menlo Landloopaflosbyeenkoms dat selfs die onfikses onder ons se voete gejeuk het om die roete aan te durf. Atlete het die stokkie telkens onder luide toejuiging van die toeskouers aangegee en die Menloparkers het dit jou wrintiewaar lekker laat lyk om so ver te hardloop.

Baie dankie aan me. Lelanie van Wyk en mnr. JJ Smith vir die organisasie van 'n puik byeenkoms. Dit sit nie in enigeen se tekkies om meer as 300 spanne by dieselfde byeenkoms te akkommodeer nie en Menlo se landlooporganiseerders het dit reggekry om hierdie ingewikkelde taak soos 'n *walk in the park* te laat lyk.

Menlo se junior dogters het met die louere weggehardloop, terwyl die seniors in die tweede plek geëindig het. Die seuns moes 'n taai stryd afweer om in die twaalfde (juniors) en vyfde (seniors) plek te eindig. Met die bymekaartel van die punte het Menlo genoeg punte versamel om die derde trap op die podium in te neem. Welgedaan!






# MENLO-INLIGTING

DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDERT 1963

### 1 MENLO-SPORTWINKEL

(Sportklere, Menlo-ondersteunersdrag & Menlo-sambrele)
Kontakpersoon: Mnr. Tinus Vermaak
(082 322 6081)

**1ste tot 3e kwartaal**
- Maandag, Dinsdag & Donderdag: 13:30 - 14:30
- Woensdag & Vrydag: 07:00-08:00

**4e kwartaal**
- Maandag, Dinsdag & Donderdag: 13:45 - 14:15
- Woensdag & Vrydag: 07:15-07:45

### 2 MENLO-KLEREBANK

Kontakpersoon: Me. Lize Preston
(lize.preston@menlopark.co.za)
Slegs per afspraak.

### 3 SPORTKLERE MET KARAKTER

Kontakpersoon: Me. Estelle Velloen
(estelle.velloen@menlopark.co.za)

### 4 BEMARKINGSKANTOOR



### 5 EKSTRA KLASSE

**Wiskunde:** Raadpleeg die skool se webblad vir die rooster.

**Fisiese Wetenskappe:**
**Graad 11 & 12**
Vraag-en-antwoordsessie by die onderskeie vakonderwysers.
Maandae: 14:05 en 15:00.
**Graad 10**
Raadpleeg die onderwyser.

### 6 TOETSROOSTERS

Raadpleeg die skool se webblad.

### 7 ALGEMEEN

- Die onderwysers se kontakbesonderhede is op die skool se webblad beskikbaar.
- Menlo is kontantloos!

# MARKPLEIN













SUE BOTHA
Opvoedkundige Sielkundige
MEd Voorligting (UNISA

* Vak - en Beroepskeuse (Gr 9/ Gr 11-12)
* Studievaardighede
* Skolastiese Probleme & Onderprestasie
* Streshantering
* Emosionele - en Gedragsprobleme

082 445 2374
suebotha@iafrica.com

**TE KOOP**
**Matriekafskeidrokke**
Tweedehands
Uitstekende toestand
Nr. 32
Elize Terblanche
083 484 1527

